St. Anterus

3 Januarie

(sterf 236)

Hy was pous vir ongeveer 40 dae vanaf sy verkiesing op 21 November 235 tot en met sy marteldood op 3 Januarie 236. Hy was van Griekse afkoms, maar verder is daar niks bekend oor sy agtergrond nie. Hy is in die pouslike graftombe van Callistus in Rome begrawe. Ons weet wel dat hy die acta oftewel die handelinge (ooggetuie verslae) oor die verskillende martelare versamel en in die Kerk se argiewe bewaar het. In 1854 is die grafskrif (in Grieks) wat oorspronklik op sy graf was deur argeoloë gevind.

© Die Oratorium Uitgewery